

Liturgiese Riglyne

SONDAGOGGEND 9:00

*Wees voorberei vir die finale aanslag
van die duiwel*

Skriflesing: Daniël 10

Teksters: Daniël 10:12

Sing:

Lied 151:1,2

Sb 12-5:1

Sb 16-1:1,2,3

Lied 169:1,2,3

Lied 190:1

Sb 14-3:1,4

Sb 13-2

Daniël 10 -12 handel oor die gebeure rondom die verbondsvolk in die eindtyd. Hierdie laaste drie hoofstukke van die boek Daniël vorm 'n eenheid wat:

- (1) die verskyning van 'n hemelwese as voorbereiding vir die openbaring beskryf,
- (2) die beskrywing van die openbaring gee,
- (3) en die uitleg daarvan gee. In Daniël 10 word daar stilgestaan by die verskyning van 'n hemelwese wat dien as voorbereiding van die openbaring wat in Daniël 11 en 12 verder omskryf word.

Die vraag is hoe ons as gelowiges ons kan voorberei op die aanbreek van die eindtyd.

Mag jy geestelik wakker wees en jouself voor die Here verootmoedig om staande te kan bly wanneer daardie tyd sal aanbreek.

Orrelis: Corlea vd Walt

Projektor: Susan Hoogenboezem

Klank: Jan-Theunis Reesink

Prediker: Ds Paul vd Berg

SONDAGAAND 18:00

Soli Deo Gloria

God se eer lê dikwels in wat Hy verborge hou

1. Die eer van God lê in wat Hy verborge hou.

Geen mens het God nog ooit gesien nie, en tog weet ons Hy regeer. In Sy onsigbaarheid word Hy deur sy kinders geëer vir alles wat Hy doen as Almagtige God wat die skepping elke dag onderhou. In Sy misterie word sy Almag geopenbaar.

Skriflesing: Spreuke 25:1-8

Teksters: Spreuke 25:2

Sing:

Lied 184:1-4

Lied 188:1,3

Ps 146:1,8

Sb 13-2

2. Die eer van regeerders lê in wat hulle sigbaar doen.

Die regeerders moet deursigtig regeer. Daar moet sigbare orde en wette wees sodat elke onderdaan presies weet wat van hom/haar verwag word en hoe die regeerders ook die taak toepas.

Orrelis: Corlea vd Walt

Projektor: Johan Hoogenboezem

Klank: Andre Beumer

Prediker: Ds Gerrit Kruger

3. Wees onderdanig aan die regeerders soos dit van 'n Christen verwag word, tot eer van God.

Om jou lewe in te rig tot eer van God en gehoorsaamheid aan die regering, moet ons erken wie God is en wat Hy doen. Wat ons nie verstaan nie, aanvaar ons en wat geopenbaar is, lei ons tot daadwerklike eer aan God.

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 43 Nr 07 25 Februarie 2018

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



Christelike vryheid

Een van die groot vreugdes in 'n Christen se lewe is die besef van vryheid in en deur Jesus Christus. Tog is die vryheid begrens. Dit kan wees dat selfs Christene hulle vryheid kan of wil misbruik. So staan daar in 1 Korintiërs 6:12: Daar is mense wat sê: "Alles is my geoorloof." Ja, maar nie alles is heilsaam nie. "Alles is my geoorloof," sê hulle. Ja, maar ek gaan my nie deur enigiets laat verslaaf (oorheers) nie.

Van die gelowiges in Korinte het sedelik losbandig gelewe. Hulle het hulle sonde probeer regverdig deur die spreuk: "Alles is my geoorloof." Hulle wou te kenne gee dat hulle in Christus vrygemaak is en dat hulle dié vryheid dus kan uitleef. Paulus erken die vryheid van die gelowige, maar stel dit onderhewig aan beperkings, naamlik dat elke gelowige by elke daad vooraf sal vasstel of dit tot eer van God, tot voordeel van jouself en die gemeenskap is. Christelike vryheid loop egter nie uit op dinge wat destruktief is en jou lewe begin oorheers nie.

In Korinte was daar gelowiges wat volgens 1 Korintiërs 6:13 en 14 eenvoudig hulle verslaafdheid aan hulle sonde afgemaak het met die volgende spreuk: "Kos is vir die maag, en die maag vir kos". Vir hulle is hulle sonde bloot afgemaak deur te beweer dat hulle bloot voldoen aan 'n natuurlike behoefte en dat hulle optrede en dade geen morele implikasies het nie. Die impak wat liggaamlike sondes op hulle geestelike lewe sou hê, is bloot ontken. Vir hulle is enige liggaamlike behoeftes op dieselfde vlak as om kos te eet. Daarteenoor stel Paulus dat die liggaam nie daar is vir losbandigheid nie, maar vir die Here. Daarom het God die Here Jesus uit die dood opgewek en sal Hy ook ons liggame opwek. Die Christen se liggaam het dus vir nou en die hiernamaals groot betekenis. Immers ons liggame behoort nie aan onself nie. Ons liggame behoort aan Christus. Verder is ons liggame die tempel van die Heilige Gees.

Die feit dat die Heilige Gees in ons liggame woon, sê dat ons nie die finale besluit oor die gebruik van ons liggame het nie. My liggaam is die eiendom van God. Dit sal dan in die hantering van jou liggaam duidelik word dat jou liggaam aan die Here behoort. Ek kan nie sê dat Christus alle sonde weggeneem het en dat ek as gevolg daarvan vry is om te doen met my liggaam wat ek wil nie. Al hét Christus my sondes weggeneem, is ek nie vry om dinge te doen met my liggaam as ek wêét dat dit verkeerd of nadelig is nie.

Gaan dink gerus na oor jou eie beskouing oor jou liggaam en wat jy met jou liggaam alles doen. Is daar iets wat jy doen met jou liggaam wat vernietigend is, wat verslawend is, wat jou lewe en gedagtes begin oorneem? Mag die Here jou lei om ook jou liggaam wat aan Christus behoort en die woonplek van die Heilige Gees is, met groot verantwoordelikheid te gebruik en te respekteer.

Ds Paul

ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Kantoorure: **Ma-Do** 08:00 - 13:00

Telefoon: 012 664 2614

Faks: 012 664 0004

Epos: Kerkkantoor—kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Ds Maarten van Helden: 012 664 1384/ 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 012 347 0494/ 084 263 2055

Lidmate se kontakbesonderhede: Skakel die kerkkantoor of stuur asb 'n e-pos indien u kontakbesonderhede verander: admin@gkcenturion.co.za



KOLLEKTES

Vandag tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Mukhanyo Afstandsonderrig



*Kollektes sal nog steeds in banke/
deure opgeneem word vir diene
wat nie Zapper gebruik*



Volgende week tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Sustantasie

DIENSBEURTE: Ouderlinge: Louis Bloemhof

Alethea : Jan Nel

Diaken: Werner Pretorius

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

KLEINGROEPKOMMISSIE: Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

KOMMUNIKATIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za

EREDIENSTE OP INTERNET: <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname)

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **kerkdienstgemist**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

KATKISASIE: Vandag: Les 5; Sb 9-4:1

Volgende week: Les 6; Sb 10-2:1

KLEUTERKATKISASIE (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas (kamer 4).

Kerk se bankbesonderhede:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion

Bank: ABSA Lyttelton

Rek no: 600 340 409

Insetalings vir die Diakonie:

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion

Bank: ABSA Lyttelton

Rek no: 600 280 589

Insetalings vir die Susters:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters

Bank: ABSA Lyttelton

Rek no: 600 340 417

Vandag se kollekte by die deure

Vandag se deurkollekte word afgestaan vir Mukhanyo Afstandsonderrig.

Mukhanyo Teologiese Kollege met die hoofkampus in KwaMhlanga is 'n multi-denominasie Christelike Instituut wat opleiding gee aan kerkleiers, onderwysers en alle Christene wat hulself wil voorberei vir die bediening van God se Woord.

GK Centurion is een van vele sentrums wat as studiesentrum vir die afstandsonderrigprogram dien en lesings vind plaas op Saterdagoggende vanaf 09:00 tot 12:00. Daar is tans 8 studente formeel geregistreer en daar het in 2018 weer 2 nuwe studente bygekome.

Daar word voorsien dat twee van die studente aan die einde van 2018 hulle diplomas kan ontvang en 'n verdere twee in 2019.

Vandag se kollekte word gebruik om die Afstandsonderriggroepe te GK Centurion en GK Tembisa finansiële te ondersteun maar ons vra ook voorbeding vir die koördineerder, tutor en studente se deursettingsvermoë en toegewydheid.

Toerustingseleentheid: GK Rietvallei

Tema: Apologetiek "Om die waarheid te sê"

Datums: 24 Mrt, 21 Apr, 18 Aug en 8 Sept 2018

Tye: Elke geleentheid: 07:30-13:00

Adres: Gereformeerde Kerk Rietvallei, Umgeni straat 359, Erasmuskloof

Koördinate: 25°49'13"S 28°15'24"O

Donasie: Ons weet dat vervoer reeds 'n koste is, dus versoek ons net 'n vrywillige bydrae.

Nuttige feite: Ontbyt, Middagete, Drinkgoed, Veilige parkering

Registreer asseblief per e-pos, yfveld@mweb.co.za ter wille van getalle

Sluitingsdatum: 10 Maart 2018



EVK Julie-Uitreik

Kom saam op die uitreik tydens die Julie skoolvakansie!

Ons beplan om Botshelo Trust in Botswana te besoek en vir die wat lus is vir ekstra avontuur, kan saamry na Covenant College in Zambië (Petouke).

Daar is vele projekte waaraan aandag gegee gaan word, van breek en bou en opslaan en afhaal tot klas gee en kosmaak en vaardighede leer. Wees deel van hierdie uitreik en word self verryk.

Eddy Niezen: 083 455 2760

Geestelike opbou

Vanaand, 25 Februarie 2018

direk na afloop van die aanddiens

Ds Gerrit gee terugvoer oor

Sinode 2018.

Almal welkom

Lidmate met eie besighede

As 'n inisiatief vanaf die Diakonie se kant en om aan te sluit by ons Koinonia Tema van die jaar wil ons graag 'n lys saamstel van gemeentelidmate met hulle eie besighede en dit beskikbaarstel aan gemeentelidmate. Sodoende kan ons mekaar ook in besigheid ondersteun.

Indien u belangstel om u besigheid op hierdie lys te laat plaas moet u asseblief 'n epos stuur na petraswa@gmail.com met besighedsnaam, u naam en van, epos adres, website adres en telefoonnommer.



Indien u bereid is om te help met die afhaal van blomme vir Sondag skakel vir Ronel Hoogenboezem 083 292 3534

Martin's Begrafnisdienste Centurion. Ge-
moedsrus tydens 'n moeilike tyd. Begrafnisse,
verassings, begrafnispolisie en repatriasies.
Kontak 0126602028 of 24H: 0823004292.
Adres: Lytteltonweg 65, Centurion

Kombuise- en Gasinstallasies- Ons is ge-
kwalifiseerde binnehuis ontwerpers sowel as
gesertifiseerde LP GAS installeerders; ons
spesialiseer in die ontwerp, vervaardiging en
installering van nuwe kombuise sowel as re-
stourasie dmv verf tegnieke. W vd Walt
0823086238; werner@bwinteriors.co.za of
Meryke Deetlefs 0844445443; meryke
@mery-d.co.za

Woonstel te huur: 2 sk, 2 bk, - Bon Courage
agter UNITAS hospitaal teen R6400.00/
maand. Ben van der Walt 082 854 3719.

Vakature vir 'n betroubare tuinwerker in
Bon Courage kompleks. Ben van der Walt
082 854 3719.

Tupperware produkte! Ek verkoop dit vir 'n
ekstra inkomste. Indien jy graag die katalogus
wil sien is jy welkom om vir my 'n boodskap te
stuur na Jeske 0812519617. Ek het ook boe-
kies by my indien jy graag wil kyk.

Patience Chingwena is strongly recommend-
ed for employment by Dave Wallick who had
been an expat in SA. Her Cell is 0613765450.

Pensionaris bederf juisself- Pedikuur: R90
Behandel eelte, ingroei toonnaels, liddorings
en skuur hakke asook 'n ligte voet massering.
Knip en verf naels. Manikuur: R90 Versorg
(cuticles) knip en verf naels. Salon is by
Lavie Aftree Oord. Ansie Kruger 0720631062

Gesin Reesink is **dringend op soek** na 'n **huur-
huis**, 2/3 sk met 'n dubbel mh waar dit toe-
laatbaar is om 'n besigheid te bedryf. Indien 'n
perseel beskikbaar is met net werkspasie van
60 tot 100m² is ook welkom. Jan of Charvette,
079 455 4580 / 082 319 4172.

Centurion Florist skenk weekliks die helfte
van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige
geleentheid plaaslik & oorsee. (012664-
0685) centurionflorist@discoverymail.co.za.

Betroubare persoon gesoek om na ons
babatjie om te sien, op 'n een-tot-een basis.
Moet Afrikaans magtig wees en goeie verwy-
sings hê. Maryke Mulder by 082 968 0474.



Tuinwoonstel te huur- R3400pm. Wierda-
park vir enkelpersoon met geen afhanklikes of
troeteldiere. Beskikbaar 1 Maart. Voorafbe-
taalde krag. Ideaal vir student of jong werken-
de persoon. Magdel 6543873 of 0824224644 .

Het u 'n familielid, vriend of kennis wat termi-
naal of net baie siek is en wat verkies om tuis
versorg te word? Enkelopende, middeljarige
dame met baie ondervinding van tuisversor-
ging, is beskikbaar vanaf 1 April. Enige plek
in Centurion. Eie vervoer maar inwoning is
noodsaaklik. Petro Steenkamp 073 442 3255.

**Hoop & Help Life Coaching en Pastorale
Berading**, gratis, Maandagoggende by die
Kerkgebou. Skakel Esther du Plessis by
0718682257 vir 'n afspraak. Depressie, trauma,
verhoudings, besighede, studente en
leerlinge almal welkom.



Ons gee om vir Mekaar

"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6

- Mollie Buys ondergaan Woensdag 'n nieroperasie te Unitas hospitaal (C9—665 3038)
- Nannie du Plessis gaan 'n oogoperasie ondergaan (B11—653-1578).
- Morkel Johl het sy been beseer in 'n fiets/motorongeluk, sterk tuis aan (B20—081 039 4558).
- Ds (emeritus) Ben vd Walt sterk aan in die Sundowns Stepdown na 'n besoek aan Unitas hospitaal.
- Christi Venter ondergaan more 'n knie-operasie (C6—667 4262).
- Lidia Coetser is in Groenkloof hospitaal vir behandeling (B15—654 6210).
- Dina vd Berg het 'n operasie ondergaan te Unitas hospitaal (B16—083 305 1305).
- Wim Grobler het toetse ondergaan (B19—664 3040).
- Annetjie Rademan ondergaan die week 'n rugoperasie in Unitas hospitaal (A5—664 2585).
- Ds Gerrit ondergaan komende week 'n rugoperasie (B6—664 1847).
- Meelewing word betuig met Jan en Isabel Nel en familie na die afsterwe van Jan se broer gedurende die week.



Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Geluk met die doop vanoggend:

♥ Miané, dogter van Louis en Rochelle Bloemhof.

♥ Michiel, seun van Jan-Louis en Lydia Bezuidenhout.

Geluk aan Dries Louw en Martie Victor met die verlowing.

Vergaderings/Aksies

28 Feb—Ouderlingtoerusting 19:00



BEROEPE AANVAAR

- Proponent JAG Henning (Kosie) na Harrismith.
- Proponent JPL van Jaarsveld (Vickus) na Krugersdorp-Wes/Magaliesburg-kombinasie

Implementering van ZAPPER

Die Diakonie het in 2017, die moontlikheid om die elektroniese betaalstelsel ZAPPER vir die gemeente te implementeer, ondersoek. Dit was nodig na verskeie versoeke vir die gebruik van die tipe stelsel en ook om die hoeveelheid kontant wat by die kerk hanteer moet word, te verminder.

In samewerking met die Finansiële Kommissie en met goedkeuring van die Kerkraad, is die ZAPPER nou geïmplementeer.

Met Zapper, word die Zapper selfoontoepassing gebruik om 'n kode soos aangeheg, te skandeer en dan vind 'n outomatiese betaling na die begunstigde se rekening plaas.

Daar is twee kodes beskikbaar vir kollekte by die kerk. Een is vir die Diakonie vir kollekte onder die diens en die ander vir die Kerkraad vir kollekte by die deure.

Beide die gewone kollekte by die deure en onder die diens sal steeds plaasvind, maar vir diegene wat graag van Zapper wil gebruik maak, is dit nou ook beskikbaar vir hierdie kollekte.

Vir enige navrae of inligting aangaande hierdie stelsel kontak my gerus.

Anton Smith (Voorsitter: Diakonie)

082 856 3704/diakonie@gkcenturion.co.za

23 Maart 18:00-21:00

worsbroodjies vir die kinders, ouers kom bring en braai!



Kontak Christi 082 940 1555

speletjiesaan by die kerk- bring jou ouers!!



Senior Aksie

5 Maart 2018
om 10:00
in die kerksaal

Is u te oud om moter te bestuur?

Vir die antwoord kom luister gerus na mnr Layton Beard, Bestuurder, Openbare Betrekkinge van die AA (Automobiel Assosiasie).

Na die verrigtinge geniet ons verversings.

Dankie aan die drie predikante vir hulle teenwoordigheid tydens 5 Februarie se byeenkoms.

Eljada Huis
Die skoolvakansie is 'n maand weg en ons probeer genoeg kos insamel vir die vakansie.

Ons benodig die volgende items asseblief: koffie, rooi en swart tee, weetbix, hawermout, aanmaak koeldrank (drink'o'pops), langlewe-melk, margarien, grondboontjebotter, bovril, konfynt, eiers, macaroni, spaghetti, blikkies gemengde groente, blikkies chakalaka, tamatie en uie blikkies, kookolie, sout, mariebeskuitjies en jellie.

Toiletware: waslappe, badseep, sanitêre doekies, aanrol en deodorant vir mans en vroue, tandepasta, skeermesse, sjampoe en waspoeier.

Onthou asseblief dat die opedag by Eljada op die 3de Maart om 9h30 vir 10h00. Bevestig asseblief as u hierdie opedag wil bywoon en ook indien u hulp met vervoer benodig hiervoor. Petra 0829277324 /petraswa@gmail.com

Petra 082 9277324 /Pierre 082 688 7495/
Eljada Huis 072 855 8289



VERJAARSDAE

BELYDENDE LIDMATE

26-Feb	Ciska	Zaayman	C04	084 500 7918
	Mandi	Groenewald	C10	082 667 3856
27-Feb	Terblanche	Kruger	A02	082 498 7966
	Karen	Kornet	A04	347-0044
	Jan	Henning	A10	664 4170
	Anna	Sekhu	E01	076 758 7843
	Marlize	de Bruin	A02	664-3729
	Esmarie	vd Bergh	C07	663 3649
	Niel	Erasmus	C06	084 440 1299
28-Feb	Izaak	Brands	B19	084 716 0489
	Johan	Raubenheimer	C13	079 497 1967
	Theo	Westervelt	C09	667 1506
	Reinette	Mc Cabe	B06	083 459 9008
	Erna	Olivier	C11	082 443 8886
	Liana	Kruger	C10	082 448 1929
	1 Mrt	Anja	Prinsloo	B08
2 Mrt	Rina	Mc Cabe	B19	661 3352
	Hettie	vd Walt	C01	082 491 6219
	Riëtha	Maritz	C06	072 118 3258
	Carien	Venter	A15	061 424 4902
	Jannet	Gildenhuis	C13	082 788 4169
	Anel	vd Walt	E01	653 4607
	Jacques	Tredoux	B15	083 630 0944
	Zanie	Kruger	A09	083 515 6448
	Rupert	Prinsloo	B04	653 0251
	FJ	de Klerk	A04	084 564 0605
	Hanlie	de Klerk	A04	084 564 0605
	Piet	Mosca	C08	082 552 6886
	Tisha	Lubbe	A09	084 514 6317
3 Mrt	Nannie	du Plessis	B11	653-1578
	Peet	Coetsee	B11	078 652 7255
	Elmarie	vd Riet	C15	083 642 8887



TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

25 Februarie

B15 Marieke Zeevaart
B16 Lourette van den Berg
B17 Nicolene Jonker
B18 Adèle Erasmus
B20 Hannelie Grobler

4 Maart

B11 Karin Verrynne
C02 Wyksusters
C03 Elmarie van der Walt
C06 Doret Pretorius



DOOPLIDMATE

25-Feb	Herman	Reinecke	A12	082 375 0092
26-Feb	Adriaan	vd Westhuizen	C11	076 780 5711
27-Feb	Lisa	van Jaarsveld	B03	084 626 2425
28-Feb	Marine	du Plessis	A14	654 1437
29 Feb	Henru	Erasmus	B05	653 7453
1 Mrt	Marne	du Plessis	B10	082 998 9000
	Stefan	van der Bijl	A12	348 3144
2 Mrt	Corlise	Strydom	B15	082 563 4960
3 Mrt	Anneke	Olivier	A14	079 893 9109
	Leam	vd Merwe	C10	082 460 6498
	Gisela	vd Westhuizen	C11	076 780 5711

*Ek is die goeie herder
Johannes 10:14*